# 27 Mei 2024 - Lesing 24 - Die Groot Johannes Evangelie - Boek 1 (Jakob Lorber)

Groot Johannes Evangelie Boek 1

***Die Meester gee vir Nikodémus nadere insig oor sy menswording. Wie nie in die Meester glo nie, is alreeds geoordeel. [Joh 3: 16-21]***

Vervolg:

***HOOFSTUK 21:19*** *En dit is die oordeel: dat die Lig in die wêreld gekom het, en die mense het die Duisternis liewer gehad as die Lig;* ***want hulle werke was besoedel****.*

[9] Waarlik, dit is die oordeel, nie dat die Lig van Elohim van die hemele af in die wêreld ingekom het nie, maar dat die mens, vrygelaat uit die duisternis en in dié Lig geplaas, **nog by verre die duisternis verkies bo die Lig van Elohim, nou oorvloedig voor hul oë.** Dat die mens dié Lig verwerp, word bewys deur hul **werke wat deur en deur besoedel is.**

[10] Waar vind jy `n volkome aanvanklike geloof met die regte gelowigheid? Waar het iemand `n ander lief, behalwe as hy een of ander selfsugtige motief het? Waar is die wat hul vroue liefgehad het ter wille van vrugbaarheid? Hulle het die jong hoere lief vir sensuele plesier, **wellustigheid en hoerery** want hy wat met die ander geslag **in pure afgodery van wellustigheid en owerspel omgaan, pleeg ware hoerery,** en dit is die euwel van alle euwels. – Waar is daar `n dief wat wat `n lamp neem en openlik steel?

*20* ***Want elkeen wat besoedel, haat die Lig*** *en kom nie na die Lig nie dat sy werke nie bestraf mag word nie.*

[11] Waarlik, almal wat kwaadwillig is en daarvolgens optree, is diegene wie se werke besoedel is. Wie ookal sulke dade liefhet en beoefen, is `n vyand van die Lig, haat Hom en sal alles vermag om Hom te vermy sodat sy besoedelde werke, wat hy besef deur die Lig verbied en veroordeel word, nie in die Lig herken word vir die haatlikheid daarvan en hy gestraf word nie.

[12] En waarlik, **daarin bestaan die eintlike oordeel**, maar wat jy verstaan as oordeel, is nie oordeel nie, maar slegs `n straf wat volg na die oordeel.

[13] As jy dit geniet om in die nag rond te loop, **is dit reeds `n oordeel van jou siel, aangesien jy die nag verkies bo die dag**. Maar as jy dan teen iets stamp en jouself sleg seermaak of as jy in `n gat of `n diep sloot val, is so `n stamp of val nie die oordeel nie, **maar slegs die gevolg van jou oordeel,** omdat jy die nag liefhet en die dag haat.

*21* ***Maar hy wat die Waarheid gehoorsaam, kom na die Lig,*** *sodat sy werke openbaar kan word dat hulle in Elohim gedoen is.*

[14] As jy egter `n vriend van die Lig, die dag en die Waarheid (**Troostergees**) van Elohim is, sal jy ook handel ooreenkomstig die goddelike Waarheid en sal sekerlik begeer dat jou werke in die Lig kom, en aan almal openbaar word, want jy weet dat jou werke, omdat hulle in die Lig van Waarheid uit Elohim gedoen is, goed en regverdig is en daarom waardering sowel as sigbare beloning verdien.

[15] Want daarom, wie `n vriend van die Lig is, sal nie in die nag wandel nie, maar in die dag, **en hy sal die Lig onmiddellik herken, want hy is van die Lig, en hierdie Lig word genoem - geloof van die hart.**

[16] Daarom, wie ookal glo in die Seun van Adam dat Hy 'n Lig is vanuit Elohim, **het alreeds lewe in homself**. Maar wie nie glo nie, het alreeds die oordeel in homself, en **die oordeel is sy eie ongeloof.**

[17] Ek dink dat jy My nou goed verstaan het."